Kinders wat bid: Bid vir ateïste

Baie mense wat nie godsdienstig is nie, worstel omdat hulle nie ‘n doel in die lewe kan vind nie. Sal jy nie net 5 dae spandeer om te bid vir mense wat glo God bestaan nie?

1. **Maak hulle oë oop!** Al is hulle nie Christene nie, glo byna 85% van die mense in die wêreld in een of ander soort god. Party aanbid die maan of die sterre, plante of diere. Maar na skatting glo 938 miljoen mense in die wêreld glad nie in God of in ‘n god nie! Hulle word ongelowig genoem. Lees: **Romeine 1:20** en bid: *Vader, sal U uself aan ongelowiges openbaar as die Een wat hulle geskape het!*

2. **Raak hulle harte aan!** Daar is drie tipes ongelowiges. Ateïste glo nie God is ‘n werklikheid nie. ‘n Agnostikus dink ‘n mens kan nie seker weet of God ‘n werklikheid is nie. Die derde groep gee nie regtig om of God ‘n werklikheid is of nie. Lees: **Handelinge 17:26-28** en bid*: Ewige Vader, help ongelowiges om te besef dat U die leegheid in hulle harte kan vul.*

3. **Laat hulle weet dat U alles gemaak het!** Ongelowiges bid nie en glo nie in wonderwerke, die hemel of die hel nie. Hulle dink die wêreld het toevallig ontstaan. Lees **Matteus 13:22** en **Openbaring 3:17-18** en bid: *Wonderlike Verlosser, help ongelowiges om te sien dat die waarheid en ware rykdom net in U gevind kan word.*

4. **Laat hulle hoor!** Ongelowiges kyk dikwels na die lewens van Christene en dit lyk nie vir hulle enigsins anders as hulle eie lewens nie. Dit laat hulle dink hulle is nie slegter daaraan toe sonder God nie. Lees **Daniël 6:20** en bid: *Vader God, U is die enigste lewende God. Soos Daniël vir die heidense koning gewys het dat U leef, wys asseblief vir ongelowiges deur die getuienis van Gelowiges dat U leef.*

5. **Help hulle om te sien dat U ‘n werklikheid is!** Vir ongelowiges is die Bybel maar net nog ‘n boek. Maar baie het dit nog nooit eers oorweeg om die Bybel op te tel om dit te lees nie of het selfs nog nooit gehoor van die bestaan van die Bybel nie. Lees **Lukas 4:4** en bid: *Vader, U is die lewende Woord. Help asseblief ongelowiges om ‘n Bybel te vind en nuuskierig genoeg te wees om dit te lees. Raak asseblief hulle harte en denke aan om te sien dat U ‘n werklikheid is.*